Genesing volgens Johannes 9

Die teks is bekend: Jesus en sy dissipels bly staan by 'n man wat van sy geboorte af blind is. Die dissipels het klaar 'n oordeel gevel en vra: "*Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?*" Maar Jesus verras hulle met sy antwoord en sê: "*Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word*."

Hierdie teks word baie aangehaal om aan te toon dat 'n mens versigtig moet wees om 'n verband te trek tussen siekte en sonde. Dit is ook tereg. Maar jy moet ook oppas om dit nie eensydig te benader, asof daar glad nie 'n verband sou wees tussen siekte en sonde nie. Die Bybel sê baie duidelik, dat daar beslis 'n verband bestaan: Sonder sonde sou daar nie siekte in hierdie wêreld gewees het nie. Van siekes word ook gepraat as 'deur Satan gebind' wees (Lukas 13:16) en genesing wat Jesus gee word waarlik as bevrydend beleef. 'n Bepaalde siektetoestand kan ook die gevolg wees van 'n bepaalde sonde. Dit staan nie slegs in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament (bv. Handelinge 13:11).

Johannes 9 maak duidelik dat laasgenoemde nie altyd geld nie. Daarom het ek nie die reg om 'n siek persoon te veroordeel as 'n spesiale sondaar nie. Dit is beter om by jouself, wanneer jy 'n slag griep kry of iets dergeliks, selfondersoek in te stel en te vra: "Hoe het ek geleef?". Was ek te veel besig met sake wat nie die moeite werd was nie en het ek as gevolg daarvan die dinge wat werklik waarde het uit die oog verloor? Om by voorbaat 'n ander persoon oor sy siekte te veroordeel, is nie reg nie.

Vraagtekens

Dit sou baie jammer wees as dit die enigste les is wat ons uit Johannes 9 wil leer. Ons sal dan net soos die dissipels wees, wat ook nie geweet het wat meer om te vra as slegs na die verband tussen siekte en sonde nie. Maar Jesus kyk verder: '*die werke van God moet in hom openbaar word*'.

Dit is 'n uitspraak wat jou aan die dink sit. Eers is jy bly dat Jesus opstaan vir hierdie man - hy word nie van 'n spesifieke sonde beskuldig nie. Hierdie blinde man het ook 'n plek in die grootmaak van God se naam. Tog is daar nog vrae: As daar dan nie 'n spesifieke sonde was nie, is dit dan regverdig dat God hom lewenslank die lig ontneem? Watter besonderse 'werke van God' is dit dan, dat dit die moeite werd is om iemand die lig te ontneem?

Dit is nie voldoende om net te verwys na die genesing wat hierna gaan plaasvind nie. Want indien dit so sou wees, sou God vergelyk kon word met 'n brandweerman wat self eers 'n brand stig, om dit daarna weer te blus. God sou dan iemand blind maak, om te bewys hoe goed sy Seun blindes kan genees. Maar gaan dit werklik net hieroor, wanneer dit oor die werke van God gaan?

Daglig

Uit die hele Johannes-evangelie blyk dit dat daar inderdaad méér gaande is. Johannes gee nie baie detail oor die wonderwerke van Jesus nie. Wanneer hy dit wél doen, is daar meestal 'n bepaalde les wat hy vir die mense wil leer. In hoofstuk 5 is daar bv. die eerste genesing op 'n Sabbat, van 'n man wat al 38 jaar in Betesda gelê het. Daarna volg die gesprek oor die gesag van Jesus, Seun van God. In Hoofstuk 6 lees ons eers van die wonder van die vyf brode, wat genoeg blyk te wees om 5000 mense mee te voed, waarna die onderwysing volg dat Jesus self die lewende Brood uit die hemel is.

Ons tref iets dergeliks in Johannes 9 aan. Nie dat die genesing van die blinde gevolg word deur 'n uitgebreide preek nie. Inteendeel, dit word 'n uitgebreide verslag van die verwarring wat as gevolg van hierdie genesing ontstaan, met net enkele opmerkings van Jesus aan die begin en die einde.

Die opmerkings van Jesus is wel uiters leersaam, want dit gaan oor 'lig' en 'sien'. In vers 4 en 5 noem Jesus homself die Lig van die wêreld, waardeur die tyd dat Jesus hier op aarde was, as 'dag' aangedui kan word: ure, waarin daar genoeg lig was om te kan werk. Omdat dit lig is, kan jy sien wat jy doen. In die donker is jy soos 'n blinde: in die Lig van Jesus kan jy sien wat jy moet doen.

In vers 39 werk Jesus dit uit na twee kante toe. Hy sê: "*Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word*." Laasgenoemde kan dus ook gebeur, sodat jy deur jou ongelowige opstandigheid teen Christus die regte insig verloor. Wie Sy lig verwerp, beland in die donker. In verband met hierdie verhaal dink ons gou genoeg aan die Fariseërs. Hulle voel ook dat hulle aangespreek is en sê: "*Is ons dan ook blind?*" Jesus huiwer nie om te antwoord nie en sê: "*As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde*".

Dit is duidelik dat Jesus meer wil bereik as net dat ons oë goed moet funksioneer. Hy wil ook hê dat ons moet begin om ons oë goed te gebruik, om in te sien wat hier gebeur en so te ontdek wie Jesus werklik is.

Donkerte

Wat ons sien in die verhaal van Johannes 9 is 'n blinde man, wie se oë oopgaan vir Jesus as vervulling van die Woord van God. Alhoewel hy dit nie dadelik besef het nie, word hy nogtans genees, nie uit geloof nie, maar omdat Jesus en sy dissipels hulle oor hom ontferm het. Eers aan die einde het hy verseker geweet: Die Man wat my gesond gemaak het, is meer as net 'n "toordokter". Hy is die Here aan Wie ons ons gelowig kan toevertrou.

Tegelykertyd ontdek ons dat die Fariseërs dit nie wil sien nie. Hulle ondervra die man tot twee maal toe om vas te stel wat gebeur het. Ook sy ouers word as getuies nader geroep. Selfs toe daar reeds duidelikheid oor die gebeure was, gedra hulle hul soos mense wat nog in die donker bly rondtas. "*Ons weet dat God met Moses gespreek het; maar wat Hom betref, ons weet nie van waar Hy is nie*" (vers 29). Die man wat blind was, is verbaas hieroor en sê: "Hierin is tog iets wonderliks dat julle nie weet van waar Hy is nie, en hy het my oë geopen!" Waarom dan nie glo nie, wanneer jy duidelik kan sien, dat God hier aan die werk is. Jy is mos nie blind nie! Jesus het ook gesê: "As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde."

Die werke van God

Ons wat dit alles nou gesien het, kyk nou ook met ander oë na vers 3: "*Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word*." Jy kan breedvoerige gesprekke voer oor die oorsaak van jou kwale, sonder om iets daarmee te bereik. Jesus doen meer. Hy werp lig op die werklike oorsaak van ons probleem (dit is die mens wat niks met God te doen wil hê nie) en Hy wys aan ons die pad wat God wil gebruik om ons te bevry, naamlik: dat ons ons oog weer vestig op die Seun, deur Wie God lig skenk in 'n donker wêreld.

Dit is genesing volgens Johannes 9: Nie slegs dat die blinde oë oopgaan nie, maar dat die mens deur oop oë mag ontdek watter groot werke God deur sy Seun doen.

Totale pakket

Jesus maak nie 'n teenstelling tussen sien met 'liggaamlike' oë en die 'geestelike' sien, asof die 'liggaamlike' genesing slegs bysaak sou wees nie. Die een hoort by die ander: Omdat God se werke openbaar moet word, word die blinde se oë geopen.

Maar die ander kant geld dan ook: Wanneer iemand nie God se werke wil sien nie, het hy die reg op goeie oë ook verloor. In vs 39 staan geskrywe: "*Tot 'n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word*." Jesus bring lig vir verblinde mense. Wie dit nie wil sien nie, mag ook nie meer sien nie.

Hier gaan dit oor die 'totale pakket': God gee ons 'n geskenk dat ons oë het om te kan sien, én stel die eis dat ons die oë gebruik om God te sien, soos wat Hy Homself openbaar deur dit wat Hy doen.

As gevolg van sonde is die totale pakket nou bedorwe. Die mens wil nie meer vir God sien nie, maar het homself oorgegee aan die 'begeerlikheid van die oë' (1 Johannes 2:16). God tree op en verblind hulle. Daarom is hier so baie blinde mense op aarde. Hulle het nie gesondig, of hulle ouers nie, maar ons het. Hul blindheid is 'n aanklag teen die mense wat vervulling soek in 'n kyk-kultuur sonder God.

Jesus het egter gekom om die totale pakket te herstel: Hy maak oë gesond én rig hierdie oë weer op die lig van God.

Hierdie twee elemente staan nie los van mekaar nie. Dit is onmoontlik dat mense, wanneer hulle tot geloof kom, vir altyd blind sal bly. Hul oë moet oopgaan, sodat hulle vir ewig hul Heiland mag aanskou. Verder is dit net so onmoontlik dat mense wat Jesus Christus ignoreer, vir altyd goeie oë sal hê. Vir hulle wag die ewige duisternis!

Siekte en sonde

Dit is onverstandig om by siekte net te vra vir genesing. Want wat maak 'n sondige mens nou met soveel nuwe kragte? As God jou nie keer nie, werk jy jouself ten gronde. Dit is beter om te vra vir die totale pakket van die komende Koninkryk: Die Gees van Jesus Christus wat die totale mens genees van siekte en van sonde.

So kry ons dan weer die verband tussen siekte en sonde. Dit is inderdaag so: die een veroorsaak die ander. Daarom kan die een nie verdwyn sonder die ander een nie. Eendag sal ons van albei kwale bevry word: Wanneer Jesus Christus kom! In Hom sien ons God se groot werke, wanneer ons vir altyd van alle kwaad genees sal wees.

K Harmannij

© 2013
www.christelikebiblioteek.co.za